

# 6

## BEJAARDESORG

# Kom ons help bejaardes

### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet bejaardes het ons hulp en gebede nodig omdat hulle ook vir God belangrik is.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat –

- bejaardes spesiale behoeftes het.
- bejaardes belangrik vir die Here is.
- bejaardes baie keer eensaam, siek en swak is.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- omgee vir bejaardes.
- respek en eerbied vir bejaardes hê.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- bejaardes besoek en help waar hulle kan.

#### **MEER INLIGTING (Psalm 71: 1-24)**

Almal van ons ken bejaarde mense. In ons gesinne is daar dikwels 'n oupa of 'n ouma. Oupas en oumas is vir ons baie kosbaar. In elke gemeente is daar ook bejaardes. Sommige bejaardes woon in tehuise vir bejaardes of plekke van versorging. Wanneer 'n mens oud word, word jy ook liggaamlik swak. Dit beteken dat 'n mens makliker siek word en nie meer kan doen wat

jy graag wil doen nie. Baie bejaardes woon in 'n klein kamertjie en kan nie meer uitgaan om inkopies te doen nie. Hulle word ook eensaam en kry nie altyd baie besoekers nie.

Om Bybel te lees, word ook altyd moeiliker, omdat 'n mens se oë verswak wanneer jy ouer word. Bejaardes wil graag uit die Bybel lees, en waardeer dit as iemand vir hulle kom voorlees. Hulle wil ook graag nuus hoor van die gemeente waaraan hulle behoort. Hulle wil voel hulle is nog deel van die gemeente. Vir bejaardes is dit 'n baie groot troos om te weet dat die Kerk hulle nie vergeet nie. Hulle leef naby God en wil altyd verseker word van God se liefde. Soos die digter van Psalm 71, bid bejaardes ook: *Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie...*

Bejaarde mense het ons nodig en ons moet hulle gereeld besoek en help waar ons kan. Ons kan bejaardes ook so nou en dan 'n bietjie bederf met lekker eetgoedjies of 'n uitstapjie.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Naamlys van bejaardes in jou gemeente.
- 'n Kospakkie of geskenkie vir elke bejaarde – reël vroegtydig met die kinders se ouers.
- Tref reëlings met die verantwoordelike persoon in die ouetehuis of met bejaardes tuis wat besoek gaan word.
- Tref 'n reëling oor die verwagte tyd dat julle Sondag weer by die kerk terug gaan wees, en laat die kinders dit in hulle boeke neerskryf.
- Sorg dat jy voldoende vervoer gereël het.
- Sorg dat jy enkele kinders laat voorberei om 'n stukkie uit die Bybel te lees en 'n gebed te doen. Indien die plek en omstandighede dit toelaat, kan julle ook 'n lied gaan sing.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Ontvang die eetgoed wat hulle vir die bejaardebesoek saamgebring het.
- Laat enkele kinders die datum van hulle doop en die Skriflesing met hulle doop voorlees.
- Kontroleer of hulle die antwoorde ken:
  - o Watter opdrag het Jesus aan sy dissipels gegee? *Hulle moes die evangelie aan al die nasies verkondig.*
  - o In Wie se Naam word kinders gedoop? *'n Kind word in die Naam van God die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop.*
  - o Wat beteken die Doop? *Die Doop beteken dat ons deel het aan God se genade en Jesus se sterwe en opstanding.*
  - o Waarvan is die water 'n teken? *Die water is 'n teken van die bloed van Jesus. Jesus se bloed aan die kruis het ons innerlik gereinig van al ons sondes.*
  - o Waarvan is die Doop 'n teken? *Van die genadeverbond.*

- o Waarvan verseker die Doop ons? *Dit verseker ons dat ons ook gered is.*
- o Watter belofte lê die ouers aan God af tydens die Doop? *Ouers belowe dat hulle hulle kinders sal kerkiseer en laat kerkiseer.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Bejaardes is mense wat al oud geword het. Hulle het gewoonlik kinders en kleinkinders en selfs agterkleinkinders. Somtyds word hulle nie eens deur hulle eie familielede besoek nie. Hulle is baie keer eensaam. Bejaardes word liggaamlik swak en kan nie meer die dinge doen wat hulle vroeër jare gedoen het nie. Bejaardes het dus hulp nodig, en ons moet hulle help waar ons kan. Ons moet ook aan hulle die nodige respek betoon.

Bejaardes soek dikwels geselskap. Dit is waarom hulle partykeer baie vrae vra. 'n Ander rede kan wees dat hulle gedagtes dwaal – hulle kan nie meer onthou wat hulle 'n rukkie gelede gevra het nie. Daarom moet ons altyd geduldig met hulle wees.

### **IETS INTERESSANT**

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende by hulle in:

- Bejaardes is kosbaar vir die Here.
- Ons moet respek en eerbied vir bejaardes hê.
- Sommige bejaardes woon in tehuise vir bejaardes of plekke van versorging.
- Ander woon nog in hulle eie huise of by hulle kinders of familie.
- Wanneer 'n mens oud word, word jy ook liggaamlik swak. Dit beteken dat 'n mens makliker siek word en nie meer kan doen wat jy graag wil doen nie.
- Baie bejaardes woon in 'n klein kamertjie, kan nie meer uitgaan om inkopies te doen nie en raak eensaam.
- Bejaardes wil graag uit die Bybel lees en waardeer dit as iemand vir hulle kom voorlees.
- Vir bejaardes is dit 'n baie groot troos om te weet dat die Kerk hulle nie vergeet nie.
- Soos die digter van Psalm 71, bid bejaardes ook: *Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie...*
- Bejaarde mense het ons nodig, en ons moet hulle gereeld besoek en help waar ons kan.
- Ons kan bejaardes ook so nou en dan 'n bietjie bederf met lekker eetgoedjies of 'n uitstappie.

### **IETS OM TE DOEN**

Sodra die les afgesluit is, vertrek die klas op 'n besoek aan bejaardes. Sien die einde van die les.

## BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis gaan doen en leer:

- As daar 'n bejaarde in hulle eie huisgesin, omgewing of familie is, laat hulle hulle **deurlopend** gaan help. Laat hulle hulle ouers vra om hulle daarmee te help.
- Laat hulle die feite en teksvers gaan leer.

### AFSLUITING

Sluit af met Gesang 304: 1 en 2 as gebed.

*Voor U kom ons, u kinders, staan –  
gered, verlos in Jesus Naam.  
U maak ons tot u diens bereid  
om U te eer uit dankbaarheid.*

*U wat ons roep, U is getrou.  
Ons wil gehoorsaam op U bou.  
Regeer ons lewens deur u Gees –  
só kan ons waarlik diensbaar wees. Amen.*

### BESOEK AAN BEJAARDES

- Neem die kinders se vrywaringsbriefies in.
- Maak 'n lysie van saam met wie elke kind gaan ry en maak seker dat die kinders saam met die regte persone ry om die bejaardes te gaan besoek.
- Sorg dat almal weet presies waar hulle gaan en wie besoek word.
- Sorg dat daar vir elke bejaarde wat besoek word 'n kospakkie of geskenkie is.
- Maak seker dat die kinders wat voorberei het om 'n stukkie uit die Bybel te lees en 'n gebed te doen, weet waar en wanneer hulle dit moet doen.
- Indien meer as een groep by verskillende adresse besoek gaan doen, maak seker dat daar by elke groep 'n verantwoordelike persoon is.
- Maak seker almal weet hoe laat hulle weer by die kerk terug moet wees.